Die erkenning van minderheidsgroepe, hulle ideale en hulle onderwysstrewes: Is daar 'n ander manier?

Recognition of minority groups, their general and educational ideals: Is there another way out?

Johannes L van der Walt
Buitengewone Professor, Fakulteit Opvoedkunde, Mafikengkampus, Noordwes-Universiteit
Mafikeng
hannesv290@gmail.com

Hendrik Johannes Steyn
Vergelykende Opvoedkunde, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
hennie.steyn@nwu.ac.za



Hannes van der Walt



Hennie Steyn

Hannes van der Walt, voorheen professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorser aan die Noordwes-universiteit en ook betrokke by kapasiteitsbouprogramme aan dieselfde universiteit. Hy het aan hierdie artikel meegewerk in sy hoedanigheid as Buitengewone Professor in die Opvoedkunde aan die Mafikeng-kampus van dieselfde universiteit.	**Hannes van der Walt**, formerly Professor of Philosophy of Education and Dean of the Faculty of Education at the then PU for CHE (Potchefstroom University for Christian Higher Education), is currently a specialist researcher at the North West University; he is also involved in capacity building programmes at the same university. He co-authored this article in his capacity as Extraordinary Professor of Education at the Mafikeng Campus of the North West University.
Hennie Steyn is 'n voormalige rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege en ook voormalige dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Potchefstroomse Kampus van die Noordwes-Universiteit. Sedert die einde van sy termyn as dekaan in 2006 is hy weer as hoogleraar aktief betrokke by die beoefening van die vergelykende opvoedkunde. Hy spesialiseer as navorser op die vraagstukke van die produktiwiteit van die onderwys, onderwysbeplanning en onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe.	**Hennie Steyn** is a former Rector of the Potchefstroom College of Education and also former Dean of the Faculty of Education Sciences at the Potchefstroom Campus of the North West University. At the end of his term as Dean in 2006, he returned to his former position as professor of Comparative Education. Currently he focuses in his research on productivity in education, education planning and the provision of education to minorities.

ABSTRACT

Recognition of minority groups, their general and educational ideals: Is there another way out?

The history of most countries, including those regarded as relatively culturally homogeneous, has demonstrated that practically all of them are composed of minority groups and that many of these groups struggle for survival. "Cultural" groups, such as age, interest, socio-economic and gender groups, provide their own quota of problems for educational planners, but are not as politically encumbered as others, such as ethnic and religious groups.

In a social democracy as in South Africa where the rule of law reigns supreme, the interest and future existence of minority groups are often overlooked by the majority. In some cases, their cultural and linguistic needs and interests are symbolically entrenched in the Constitution, but these measures are often nullified, for instance through Constitutional Court decisions. Such actions on the part of the powers that be explain why minority groups in South Africa and elsewhere are displeased with the ways in which they are being hampered in their efforts to develop their unique identities.

Tensions of this nature are clearly observable in South Africa and elsewhere. The recent referendum in Scotland, the tensions in Catalonia and the treatment of the Dalai Lama, the spiritual leader of Tibet, at the hands of South African authorities attest to the topicality of the problem. On the one hand, we have the various minority groups with a number of legitimate claims, among others for a measure of independence and self-assertion, grounded in a unique interpretation of social justice and in an appeal to the Constitution of the country. On the other hand, they form part of a larger community structure in which equality and non-discrimination reign as supreme national values. The national government, as representative of the larger community, also appeals to social justice, as embodied in the Constitution. The end result is a conflict of opinions and ideals, each based on an interpretation of social justice.

The onus to find a solution for the resolution of the tension lies with the various minority groups, and not with the government as representative of the majority. In fact, many governments find the constant complaints of minority groups rather irritating. The irritation is intensified where a minority group is able to provide in its own needs, and hence can refuse to align itself with the general value system of the majority community. The question therefore arises: What can minority communities do in these circumstances? How can they take charge of their own interests, needs and future existence?

The fact that minority rights have been entrenched in international treatises such as the International Covenant on Civil and Political Rights *(1966) of the United Nations, and the* European Union's Charter of Paris for a New Europe *(1990) does not really help because their stipulations are regularly flouted by majorities. A minority group is described in these documents as a numerical minority which aims at preserving and developing its unique characteristics in its country. The rights of minorities can be summarised as "respect for human dignity as individuals and communities" which leads to "treating equals equally and unequals unequally". The educational rights of minorities are likewise entrenched in two documents, namely the* Convention against Discrimination in Education *(1960) of Unesco, and the* United Nations Convention on the Rights of the Child *(1990). These documents stipulate that minorities are entitled to education equivalent to that of majority groups, that the erection of separate educational institutions may not be regarded as discriminatory, and that parents / guardians have the right to determine what is best for their children. The same rights are entrenched in the South African Constitution.*

As stated above, minorities have to assume responsibility for protecting their own rights. The central claim of this article is that a recent epistemological development, namely post-post-

foundationalism, can assist them in this regard. After a brief discussion of foundationalism in the form of Rationalism and of the post-foundationalism that has risen in response to foundationalism, it is concluded that neither of these orientations provides a suitable vantage point for the protection of minority rights. A foundationalist orientation seems to be too imperialistic and deterministic to be of any value to a minority group and also to the entire community of which a minority group forms part. Such a group tends to control and dominate because it supposes itself to be the voice of reason. The post-foundationalistic orientation, on the other hand, is shot through with indeterministic views and is relativistic as far as its view of values is concerned. It is also inconsistent in that it avoids any universalistic statements, except its own claim that all values are relative. Because neither of these orientations can successfully serve as a basis for a minority group to work towards the recognition and actualisation of its values and aspirations, a third way had to be found. Such a third way has surfaced since the 1990s in the form of post-post-foundationalism, i.e. an orientation that follows after post-foundationalism.

The key feature of post-post-foundationalism is that it attempts to steer through between the extremes of foundationalism and post-foundationalism. The latter tends to overlook the need for a minority group to occasionally make justifiable and firm universally legitimate claims (which may be refuted, of course). Post-post-foundationalism does not regard a foundation as absolutely, reasonably, finally and universally true. While it rejects the notion of working with grand narratives, it is prepared to recognise the need to resort to firm values, which it assumes can also change with time, as life-concepts tend to do. Put differently, foundations are not so much in the foreground as playing a role in the back of the minds of individuals and groups. Since post-post-foundationalism is a common sense approach, it enables minority group strategic planners to find a way for a minority group to remain true to its value foundation while remaining flexible and adaptable in order to find a niche for itself in the broader community of which the group is a part. In doing so, a minority group can remain true to its own ideals and aspirations and also become and remain a valuable part of the larger community.

KEY CONCEPTS: foundationalism, post-foundationalism, post-modernism, post-post-foundationalism, minority groups, education, rights, values, strategy

TREFWOORDE: fundamentisme,[1] postfundamentisme, postmodernisme, post-postfundamentisme, minderheidsgroepe, opvoeding, onderwys, regte, waardes, strategie

OPSOMMING

’n Oorsig oor die stand van sake met betrekking tot die onderwysideale en -voorsiening van minderheidsgroepe lei tot die gevolgtrekking dat daar ’n onvermydelike spanning bestaan tussen die ideale en sieninge van minderheidsgroepe en dié van die meerderheidsgroep in die samelewing, en dus dat die verantwoordelikheid op ’n minderheidsgroep lê om ’n weg uit die impasse te vind.

[1] Soos aangedui sal word, is die post-postfundamentisme ’n epistemologiese benadering wat metodologies vir die oplossing van ’n hele verskeidenheid van probleme gebruik kan word. So, byvoorbeeld, het een van die outeurs van hierdie artikel dit onlangs in ’n ander artikel benut om te toon hoedat opvoeding op ’n meer bevredigende manier benader kan word (vgl. *Opvoeding vanuit ’n post-postfundamentistiese perspektief* (22 Julie 2014) (Litnet Akademies 11(2): voorlopig geen bladsynommers; bereikbaar deur op die volgende skakel te klik: http://www.litnet.co.za/Article/opvoeding-vanuit--post-postfundamentistiese-perspektief). In die onderhawige artikel word dit aangewend om die probleem van onderwys aan minderheidsgroepe die hoof te probeer bied. Dit kan op dieselfde manier benut word om die probleem van godsdienstige (on)verdraagsaamheid, en trouens enige ander probleem, te ondersoek.

Drie sulke weë word ondersoek, naamlik fundamentisme, postfundamentisme en post-postfundamentisme. Omdat die eersgenoemde te imperialisties, rasionalisties en deterministies, en die tweede te relativisties bevind is, word aandag aan die derde bestee. Hierdie oriëntering word gekenmerk deur sy strewe om tussen die uiterstes van die eerste twee benaderings deur te stuur, en verder ook deur sy gesonde verstand-benadering. Weens die epistemologiese ewewigtigheid daarvan kan die post-postfundamentistiese benadering vir minderheidsgroep-strategiese beplanners 'n waardevolle oriënteringspunt wees.

HUIDIGE STAND VAN SAKE ONBEVREDIGEND

Die geskiedenis van die meeste lande, ook lande wat histories as kultureel-homogeen beskou is, toon dat hulle sedert die Tweede Wêreldoorlog al meer heterogeen geword het weens toenemende migrasie en sosiale beweeglikheid. Byna alle samelewings bestaan tans uit minderheidsgroepe van elke slag en soort. Sekere "kulturele" subgroepe soos ouderdoms-, belange-, gestremdheids-, sosio-ekonomiese en geslagsgroepe lewer hulle eie kwota probleme op maar is nie so polities gelaai soos ander nie. Onder laasgenoemde tel volkskulturele groepe (in Suid-Afrika byvoorbeeld die Khoi-San), taalgroepe (in Suid-Afrika byvoorbeeld die Afrikaanssprekendes) en godsdiensgroepe (in Suid-Afrika byvoorbeeld die Hindoes en Moslems wat hul geloofsoortuigings sigbaar in die dag-tot-dag lewe tot uitdrukking bring). Nog 'n voorbeeld is die rykes/hoë middelklas wat as minderheidsgroep in baie lande daartoe in staat is om as 't ware 'n eie leefwêreld in die samelewing te "koop".

In die konteks van 'n sosiale demokrasie soos dié van Suid-Afrika waar die regstaat (*rule of law*) die oppergesag is, word die ideale en belange van minderheidsgroepe dikwels oor die hoof gesien. Op die meeste word daar 'n handreiking aan hulle gedoen, soos dat alles moontlik gedoen sal word om hulle kulturele, taal- en godsdienstige belange te beskerm. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die regte wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet (RSA 1996: artt. 9, 29, 30-31) erken word ten opsigte van die handhawing en ontwikkeling van die eie kultuur en gebruik van die taal van voorkeur. Hierdie gebare is egter meer van simboliese as van praktiese belang, soos wat aangetoon kan word met verwysing na hofsake wat reeds in 1996 gevoer is. In 'n tipiese saak voor die Konstitusionele Hof (*DP, NP & IVP v Gauteng Provincial Legislature*, 1996, CCT39/95) is byvoorbeeld bevind dat 'n leerder nie op grond van 'n taalbevoegdheidstoets toelating tot 'n skool geweier mog word nie. Sodoende is die toepassing van die Grondwetlike beginsel van moedertaalonderwys, waar prakties toepasbaar, gekortwiek. In die verskillende onderwys-departemente het die oortuiging ook ontstaan dat die beginsel van gelykheid in die Grondwet die beginsel van uniekheid ten opsigte van taal en geloof te bowe gaan (Steyn 1997:9). Die owerheid se uitgangspunt is dat indien die belange en ideale van 'n bepaalde groep verdelend op die demokrasie mag inwerk, sodanige verdelende faktor uit die openbare lewe uitgeskakel moet word deur beleid en wetgewing, soos in die geval van konfessionele godsdiensonderwys in openbare skole (RSA, Dept. Van Onderwys, Godsdiens in Onderwysbeleid, 2003). Sulke maatreëls is verstaanbaar in belang van die nasionale demokrasie, maar hulle moet tegelyk krities bekyk word in die lig van die logo op die staatswapen van Suid-Afrika, naamlik "Eenheid in Diversiteit". Hierdie nasionale logo gee erkenning aan die werklikheid van verskille in 'n diverse samelewing maar ook dat in die verskille 'n unieke eenheid nagestreef moet word.

Optredes soos dié van die Suid-Afrikaanse regering verklaar waarom verskillende minderheidsgroepe nie tevrede is met die wyse waarop hulle beperk word in hulle pogings om maksimaal as unieke groepe te ontwikkel nie. 'n Mens merk byvoorbeeld ontevredenheid by sekere kultuurgroepe wat hulle telkens op die internasionale gemeenskap beroep, byvoorbeeld

op die Verenigde Nasies en organisasies soos die Bond van Onverteenwoordigde Gemeenskappe (General Secretary UNPO 2008). Hierdie groepe streef na 'n vorm van sosiale geregtigheid ingevolge waarvan hulle erkenning as besondere groepe ontvang. In sommige gevalle streef hulle selfs na politieke en kulturele selfbeskikking ('n voorbeeld hiervan is die strewe na erkenning van die unieke regte van die Khoisan in die Noord-Kaapprovinsie (Sporton & Thomas 2002:2)). Daar word tans selfs van bedreigde minderheidsgroepe gepraat, waarvan die Khoisan 'n voorbeeld is. 'n Minderheidsgroep word as bedreigd beskou as dit nie meer die intrinsieke kapasiteit besit om die groep se unieke kenmerke te bewaar of te ontwikkel nie en derhalwe deur die staat gehelp behoort te word (Savinov & Kovaleva 2009:157). Ander voorbeelde hiervan is die strewe van 'n beduidende persentasie Skotte om onafhanklik van die Verenigde Koninkryk te wees, dié van die Cataloniërs om onafhanklik van Spanje te wees en van Tibet om af te skei van Sjina (vgl. in hierdie verband die fiasko insake die hantering van die Dalai Lama se visumaansoek deur Suid-Afrikaanse owerhede).

Dit is duidelik dat 'n mens hier met 'n spanningsveld te make het waarvoor daar eintlik geen ooglopende ontlonting moontlik of beskikbaar is nie. Die spanningsveld kan aan die hand van die situasie in Suid-Afrika soos volg verduidelik word. Aan die een kant het die talle minderheidsgroepe in 'n land soos Suid-Afrika (en in byna alle ander samelewings wêreldwyd) 'n hele aantal legitieme aansprake en ideale, onder meer van selfbeskikking en selfgelding. Hulle grond hierdie aansprake op hulle eie vertolking van sosiale geregtigheid en beroep hulle selfs op die Grondwet van die land (RSA 1996: artt. 9, 29, 30-31). Daarteenoor vorm hulle deel van 'n samelewingsopset waarin die ideaal van gelykheid en geen diskriminasie die oppermaatstawwe is. Die nasionale regering, as verteenwoordiger van die nasionale samelewingsopset in Suid-Afrika, beroep hom eweneens op sosiale geregtigheid en op die Grondwet (RSA 1996: art 9). Hier is dus duidelik sprake van twee opvattinge van sosiale geregtigheid, albei legitiem, maar ten diepste onversoenbaar met mekaar.[2]

Die onus om 'n beter plan te beraam berus dus veral op die minderheidsgroeperinge self en nie net op die regering nie. Vir 'n sterk meerderheidsregering is die gekla van minderheidsgroepe en al hulle aansprake meer lastig as van enige wesenlike betekenis. Die problematiek van die minderheidsgroepe word voorts gekompliseer deur die feit dat enkeles van hulle wel in staat is om self in hul unieke behoeftes te voorsien en om hierdie selfvoorsiening op so 'n vlak te doen dat die nasionale regering daardeur in die verleentheid gestel kan word, byvoorbeeld ten opsigte van onderwysvoorsiening. Die vraag is dus: Wat staan minderheidsgroepe in hierdie omstandighede te doen?

INTERNASIONALE EN NASIONALE MINDERHEIDSGROEPSREGTE EN DIE VERBANDHOUDENDE ONDERWYSREGTE

In die internasionale arena word die (politieke) regte van minderheidsgroepe in veral twee regsdokumente omskryf, naamlik die *International Covenant on Civil and Political Rights* (1966) van die Verenigde Nasies, en die Europese Unie se *Charter of Paris for a New Europe* (1990). In hierdie dokumente word riglyne verskaf waaraan die erkenning van die regte van minderhede in VN-lidlande behoort te voldoen. 'n Minderheidsgroep word beskryf as 'n groep met unieke

[2] Die begrip "sosiale geregtigheid" dui op hoedat 'n bepaalde individu of groep die regverdigheid en billikheid van die sosiale orde in 'n land of gemeenskap verstaan en beleef. Dit sluit die vraag in op grond van welke morele beginsels hulle ander mense, hulle waardigheid en hulle belange behoort te benader.

identifiserende kenmerke wat ’n getalleminderheid in ’n bepaalde land is en wat hierdie kenmerke wil bewaar en ontwikkel (Lerner 1993:79). Dié minderheidsregte verteenwoordig die verbinding tussen internasionaal-erkende individuele regte en minderheidsgroepsregte en kan saamgevat word as “respect for human dignity as individuals and communities” (Donnely 1993:136), wat “. . . treating equals equally and unequals unequally” (Laforest 1993: x) impliseer. Minderheidsgroepe verkry dus die reg om hul unieke kenmerke, waaronder geloof, taal en kultuur te bewaar en te ontwikkel (Taylor 1993:50).

Die verbandhoudende onderwysregte van minderheidsgroepe word eweneens in twee dokumente vervat, naamlik die *Convention against Discrimination in Education* (1960) van Unesco, en die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (1990). In hierdie dokumente word onderwysvoorsiening gelykwaardig aan dié van meerderheidsgroepe vereis, dat die stigting van aparte onderwysinrigtings deur minderheidsgroepe nie as diskriminasie geag mag word nie, en verder word die reg van ouers/voogde erken om oor die beste onderwys vir hul kinders te besluit.

Die algemene en onderwysregte van minderheidsgroepe in Suid-Afrika word hoofsaaklik in artikels 9, 29, 30 en 31 van die Suid-Afrikaanse Grondwet (RSA 1996) gereël. Hierdie bepalings stem grootliks ooreen met die vermelde internasionale bepalings. In Suid-Afrika word die uitdaging vir die implementering van minderheidsregte egter verdiep deur die feit dat die erkenning van unieke taal- en kultuurbehoeftes en die betekenis daarvan vir onderwysvoorsiening maklik in ’n raskwessie ontaard, soos blyk uit die vermelde hofsaak.

Die politieke en onderwysregte van minderheidsgroepe word dus sowel internasionaal as per nasionale grondwet, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Grondwet, erken, maar die implementering daarvan is moeilik. Die meerderheid sien nie die noodsaaklikheid van die implementering daarvan in nie. Dit dring tans stadig maar seker tot minderheidsgroepe deur dat hulle self verantwoordelikheid moet neem vir die implementering, ontwikkeling en uitlewing van hulle regte (Steyn 1997:62).

’N MOONTLIKE UITWEG UIT DIE IMPASSE

’n Onlangse ontwikkeling op die terrein van die epistemologie (ken- en kennisleer) en die filosofie van die wetenskap skyn ’n oplossing vir minderheidsgroepe in die hand te gee. By gebrek aan ’n meer beskrywende naam kan dit as ’n post-postfundamentistiese benadering[3] tot die onderhawige probleem beskou word. Die tese van hierdie artikel is dat minderheidsgroepe kennis behoort te neem van die post-postfundamentistiese oriëntering met betrekking tot die oplossing van probleme soos die rol en plek van minderheidsgroepe in ’n samelewing. Om hierdie sentrale teoretiese stelling te verdedig, is die res van hierdie artikel soos volg saamgestel. Dit begin deur in die volgende afdeling kortliks te verduidelik wat bedoel word met ’n fundamentistiese benadering tot ’n probleem soos die onderhawige een. Die daaropvolgende afdeling van die artikel word afgestaan aan ’n bespreking van ’n reaksie op die fundamentistiese benadering, te wete die postfundamentistiese benadering. Die waarde en tekortkominge daarvan in die hande van minderheidsgroepe word eweneens geskets. Die aandag verskuif dan in die voorlaaste afdeling na die vermelde post-postfundamentistiese benadering. Dit word opgevolg met ’n bespreking van die moontlikhede daarvan in die hande van minderheidsgroepe om hulself te handhaaf en te laat geld in ’n samelewing wat geneig is tot die nivellering (gelykmaking) van verskille tussen groepe.

[3] Hierdie benadering staan ook onder ander name bekend, soos mettergaan sal blyk.

DIE FUNDAMENTISTIESE[4] BENADERING TOT MINDERHEIDSGROEPSBELANGE

Sowel die voor-Verligtingsfilosowe (Rorty [1999:xxviii] verwys na hulle as"Platoniste") as die Verligtingsfilosowe se hooftaak was en is om te soek na vaste gronde vir hulle denke, na vaste fondamente vir hulle redenasies. Volgens Rorty wil die Platoniste graag kennis tot stand bring wat deur die een of ander ewige beginsel gewaarborg is. Hulle soek gevolglik na "absolute beginsels" en "objektiewe waarhede", en beskou sodanige (morele of denk-)beginsels as die produk van 'n spesiale vermoë van die mens, naamlik die rede (Rorty 1999:xxix). Die fundamentisme wat uit die Verligtingsdenke voortvloei, is gefundeer in die oortuiging dat die denker oor sekere rasionele bewyse of gronde beskik wat so vas en objektief is dat enige rasionele (redelike) persoon wat bereid is om die bewysmateriaal na te gaan nie anders kan as om hulle vastigheid en geldigheid te aanvaar nie (Erickson 2001:190; Lee 2007:160). Fundamentisme, in die "klassieke" sin, was (en is) deel van die Verligtingsprojek omdat dit aanvaar dat die menslike rede daartoe in staat is om seker (ware) en vaste kennis te bekom wat gegrond is op sekere self-evidente fundamentele ervaringe of *a priori*-proposisies waaruit sekere noodsaaklike gevolgtrekkings gemaak kan word en waarop 'n stelsel gebou kan word (Schults 1999:2). Rorty (2004:53) meen verder dat fundamentistiese denkers bewus is van die nuttigheid (utiliteit) van die beginsels wat hulle denke ten grondslag lê. Rorty (1979:316-317) vat hierdie gedagte só saam: in die fundamentistiese denke sou dit fataal wees om 'n gemeenskaplike grondslag te ontken; "to suggest that there is no such common ground seems to endanger rationality". Sommige denkers gebruik hierdie uitgangspunt om 'n meta-narratiewe stelsel (met 'n hoofletter-"S") te skep wat presies ooreenstem met die werklikheid, terwyl ander tevrede is met die totstandbrenging van 'n lokaal-narratiewe stelsel (met 'n kleinletter-"s") wat bloot intern samehangend is. Die fundamentistiese denker het dus 'n soort "goddelike perspektief," 'n oorkoepelende verwysingsraamwerk waarvolgens hy of sy die wêreld verstaan (Muller 2011:2).

Makrides (2013:272) bestempel hierdie benadering as 'n vorm van rasionalisme (vgl. Hiestand 2005:geen bladsynommer). Olthuis (2012:3) voeg hieraan toe dat die kern van die fundamentisme totale oorheersing en beheer is: die persoon wat hierdie uitgangspunt huldig, is geneig om op grond van eie waarde-agendas groot sisteme op te bou en, waar moontlik, op ander af te dwing as "die stem van rede en gesag". Muller (2011:2) stem hiermee saam as hy opmerk dat hierdie standpuntinname kan lei tot 'n oorskatting van die eie standpunt of siening. Toegepas op die onderhawige probleem van die plek van minderheidsgroepe kan 'n mens dus stel dat sulke denkers geneig is om die rasionaliteite van hulle eie sieninge as vanselfsprekend te beskou.

'n Minderheidsgroep wat met 'n fundamentistiese oortuigingsraamwerk opereer sal argumentshalwe die volgende benadering volg met betrekking tot die plek, ideale en toekoms van die groep te midde van ander groepe in 'n land of gemeenskap. In die eerste plek sal 'n minderheidsgroep met hierdie uitgangspunt soek na vaste gronde vir regverdiging van die (voort-) bestaan van die groep en vir hulle oortuigings oor hulle unieke ideale, sieninge, toekomsvisie en plek in die groter samelewing. In die tweede plek sal hulle enersyds na binne aanspraak maak op die redelikheid en self-evidensie van die beginsel, en sal hulle na buite pogings aanwend om ander ook oor die redelikheid van die beginsel te oorreed. In die derde plek sal hulle trag om twee soorte omvattende en oorkoepelende stelsels te bou, gefundeer in daardie "self-evidente beginsel". Hulle sal byvoorbeeld die ganse samelewing waarvan hulle deel vorm as 'n stelsel beskou en daardeur hulle eie plek as minderheidsgroep binne daardie stelsel probeer definieer. Hierbenewens sal hulle

[4] Ook bekend as die "modernistiese benadering", dit wil sê, 'n erfenis van die Verligtingsdenke. Die terme "fundamentisme", "postfundamentisme" en "post-postfundamentisme" word in Engels gewoonlik weergegee as "foundationalism", "post-foundationalism" en "post-post-foundationalism".

hulself as 'n stelsel binne die omvattende stelsel probeer definieer, sodat hulle op 'n duidelike en stelselmatige manier hulle eie bestaan, toekoms en ideale daarbinne kan verstaan en nastreef. In die vierde plek sal hulle hul eie ideologiese sieninge, intellektuele en kulturele uitgangspunte en ideale definieer in terme van hierdie twee stelsels. In die vyfde plek mag hulle geneig wees om hulle eie siening te verhef tot 'n soort "goddelike perspektief"; hulle mag meen dat die eie oplossing so self-evident is dat ander bloot daarby moet inval. In die sesde plek mag so 'n minderheidsgroep selfs poog om alle ander groepe te beheer en te oorheers, met die veronderstelling dat dié groep die draer is van rede en gesag. In die sewende en laaste plek mag sodanige minderheidsgroep dit moeilik vind om met ander groepe en met die hele samelewing in gesprek te tree; die eie universele perspektief maak dit moeilik om die geldigheid van ander perspektiewe te erken.

'n Minderheidsgroep, wat vanuit 'n fundamentistiese perspektief funksioneer, se opvoedings- en onderwysprogram sal voorts op duidelik omskrewe en vaste beginsels gebou wees. Die elemente daarvan sal duidelik uitgewerk wees, die doel duidelik omskryf en nagestreef word, die kurrikulum sterk op die doel afgestem en presies uitgevoer word. Dit alles word gedoen met die oog op die verwesenliking van die groep se ideale en strewes, veral met betrekking tot hul bestaan en voortbestaan in 'n groter samelewingskonteks (wat selfs as bedreigend ervaar mag word). Die onderwysplan sal getuig van sterk gestruktureerde en stelselmatige denke, en sal gekenmerk wees deur duidelike riglyne en prosedures wat gevolg moet word. Dit sal 'n sterk "filosofiese of lewensopvatlike" onderbou hê, gekenmerk deur die groep se eie strewes, lokale gemeenskapskultuur en ideale. Waar moontlik, sal die groep die eie onderwysplan wil uitbrei na ander minderheidsgroepe en na die groter gemeenskap waarvan die betrokke minderheidsgroep deel is. Aangesien die groep hulle fundamentistiese siening sal fundeer in die erkenning van internasionaal-erkende regte sal hulle bes moontlik ook neig om aan te dring op unieke onderwysvoorsiening vir lede van die minderheidsgroep.

Sekere ontwikkelinge in hedendaagse samelewings, soos hieronder geskets, het die fundamentistiese benadering tot die minderheidsproblematiek onhoudbaar en ongewild gemaak.

DIE POSTFUNDAMENTISTIESE BENADERING

Weens 'n verskeidenheid faktore, soos die opkoms van toenemend multikulturele samelewings, globalisasie, die kommunikasie- en vervoerrevolusies, groter sosiale mobiliteit, die opkoms van die leer van fundamentele menseregte, die afgryse oor twee wêreldoorloë en ander konflikte regoor die wêreld, die opkoms van die sekularisme (Wolhuter 2013:207-208) en vele meer het 'n gees van post-, anti- of non-fundamentisme sedert die 1960's oor die wêreld posgevat. Dit is belangrik om daarop te let, soos wat Makrides (2013:251, 273) en McGuigan (1999:3) onderstreep, dat die nuwe ontwikkeling nie in die plek gekom het van die fundamentisme nie. Dit het slegs naas die fundamentisme tot stand gekom.

Die kernuitgangspunt van die post-, anti- of non[5]-fundamentisme is dat 'n mens óf geen vaste grondslae het vir jou denke en optrede nie, óf dat hulle heeltemal op die agtergrond geraak het, betekenisloos is en slegs relatief waar is (Collins 2007:24). Die gedagte van 'n (godgegewe) fundamentele struktuur of universele orde word nie meer ondersteun nie. Die postfundamentistiese

[5] Die neo-pragmatis Richard Rorty is 'n uitgesproke voorstander van non- en anti-fundamentisme (vgl. Rorty 1991:64-67). Die nadruk in die huidige bespreking is eerder op die postfundamentisme en nie op die anti- of non-fundamentisme nie. Die verskil lê daarin dat eersgenoemde in sekere opsigte nog die bestaan van sekere grondslae en beginsels erken, en ook erken dat hulle iewers in die agtergrond van 'n mens se denke werksaam is. Die non- of anti-fundamentis ontken op radikale wyse die bestaansreg van sulke funderinge, maar – soos aangedui kan word – selfs die non- of anti-fundamentis werk met sekere beginsels en uitgangspunte. Hulle bestaan word egter ontken (Lee 2007:163).

denker is gevolglik geneig om sinies te wees oor die objektiwiteit van beginsels, waardes en uitgangspunte, en is van mening dat elke persoon of groep sy of haar eie waardestelsel moet opbou, ondersteun en verander in respons op die eise van 'n veranderende omgewing. Elke individu en groep het die reg om 'n eie leefwyse te kies, en hulle moet ook die gevolge van hulle besluite dra.[6] Die vryheid van individu en groep het die slagspreuk van die nuwe tydvak geword; die waardigheid van die individu en groep lê in hulle individuele vryheid om te kies. Die individu en die groep het die taak om die waarheid-vir-hulle en waardes-vir-hulle te konstrueer (sosiale konstruktivisme) en te interpreteer (interpretivisme) (Colson & Pearson 2001:23, 31, 37, 60, 78, 80).

Een van die gevolge van hierdie uitgangspunt is dat daar nie meer 'n visie is op die totaliteit van byvoorbeeld 'n groter (nasionale) samelewing nie; elke individu en groep het slegs oë vir die eie (voort-)bestaan en waardestelsel (Middleton & Walsh 1995:35). 'n Belangrike implikasie van hierdie benadering wat McGuigan (1999:3) uitlig, is dat die post-fundamentiste alle essensialistiese opvattinge oor geslag (gender), seksualiteit, ras en etnisiteit bevraagteken en aanval omdat hulle meen dat die mens as subjek gedesentreerd is, voortdurend in 'n proses van wording is en steeds in hibridiese gedaantes verskyn. Die postfundamentis vermy gevolglik die vorming van allerlei rigiede sosiale hierargieë of konstruksies, wêreldbeskouinge wat lokale belange oor die hoof sien, en vermy ook universalistiese aansprake oor mense aangesien sulke uitsprake daartoe kan lei dat die verskille tussen mense, groepe en plekke misgekyk kan word. Wilber (2000:ix) merk dus tereg op dat die postfundamentis pluralisties-relativisties dink; alle waarheid is slegs kultuurbepaald en kontingent; daar is geen universele waarheid nie.[7]

Die postfundamentis maak nie meer die aanname dat daar enige vaste gronde is nie (Erickson 2001:190). Samehangend hiermee bevraagteken hulle die moontlikheid dat so 'n uitgangspunt dogmatisties soos 'n deterministiese keurslyf op denke en optrede toegepas kan of behoort te word. Soos Olthuis (2012:1) opmerk, daar bestaan vir hulle 'n gevaar dat 'n persoon of groep hulle grondslag kan toepas as 'n eufemisme vir die een of ander ideologie waarin die eie denke en optrede en ook dié van ander ingedwing mag word.

In die algemeen neig die postfundamentiste om weg te beweeg van oorkoepelende sisteme en omvattende groot verhale (narratiewe), en ook van absolute aansprake met die oog op die objektiewe bestaan van dinge in die werklikheid. Die mens as waarnemer staan nie buite die werklikheid nie, maar is deel daarvan; daarom is finale, presiese, objektiewe en altyd geldige kennis nie haalbaar nie. Soos Makrides (2013:273) konkludeer, staan die postfundamentisme eerder vir die relatiwiteit en gedeeltelikheid van menslike diskoerse, 'n pluralisme van metodes en benaderings, die veeldimensionaliteit van die werklikheid, en die moontlikheid om verskeie perspektiewe met mekaar te vermeng. Schults (1999:3, 8) vat al hierdie uitgangspunte van die postfundamentisme saam met die stelling dat geeneen van ons eintlik "agter" of "onder" ons oortuigings en uitgangspunte kan kom ten einde hulle te regverdig nie; al waarmee die postfundamentis kan werk, is 'n aantal kriteria vir die samehang van sy of haar uitgangspunte binne hulle kultuur-gekondisioneerde web.

Die postfundamentistiese oriëntering het ook bepaalde implikasies vir die wyse waarop minderheidsgroepe hulle waarskynlik sal gedra. In die eerste plek sal 'n minderheidsgroep met so 'n oriëntering van die veronderstelling uitgaan dat daar geen vaste gronde, beginsels of uitgangspunte (soos 'n religie, kultuur of lewensbeskouing) is waarop enige toekomstige optrede,

---

6 Tereg wys Colson en Pearson daarop dat die groter samelewing natuurlik ook die gevolge van sulke individue en groepe se besluite en optredes moet en sal dra.

7 Behalwe, soos Wilber tereg opmerk, die waarhede van postfundamentistiese pluralisme en relativisme self, wat veronderstel is om universeel waar en geldig te wees – vir alle mense.

ideale of visies gefundeer kan word nie. Volgens postfundamentiste het die internasionale ooreenkomste insake minderheidsregte dus geen standhoudende betekenis nie. Indien daar wel (dalk) sulke beginsels is, moet hulle op die agtergrond geskuif word, of gewoon relativisties as maar een van baie moontlikhede in die samelewing gehanteer word. Hierdie uitgangspunt het, in die tweede plek, die implikasie dat die minderheidsgroep probeer oorleef in die konteks van die groter samelewingsgeheel waarvan hy deel vorm. In die derde plek is die nadruk by so 'n minderheidsgroep net op die eie waardestelsel wat hy sover as moontlik in stand probeer hou te midde van baie ander waardestelsels. In die vierde plek dring so 'n minderheidsgroep aan op individuele en groepsvryheid, op 'n ruimte om homself te laat geld en uit te leef in die groter geheel van die nasionale samelewing. Postfundamentiste mag dus oorweeg om wel sekere van die bepalings van die internasionale minderheidsregte aan te gryp, dog net in soverre as wat dit in 'n bepaalde konteks van toepassing is of van waarde kan wees. In die vyfde instansie het so 'n minderheidsgroep belang in en by die totale samelewing maar die nadruk bly altyd by die eie bestaan en oorlewing daarbinne. Die groep het weinig oog vir die universele; sy belang is by die lokale en kontingente (wat gedurigdeur verander). In die sesde plek aanvaar die minderheidsgroep dat die eie gemeenskap en ook die groot samelewing gedurigdeur aan die verander is, en maak gevolglik geen universele of essensialistiese aansprake nie. In die sewende plek is die lede van so 'n minderheidsgroep lugtig daarvoor om hul eie denke en sienswyses op die groot samelewing of op ander minderheidsgroepe af te dwing of hulle daarmee te belas.

Die opvoedings- en onderwysimplikasies van hierdie soort oriëntering is taamlik duidelik. Die onderwysvoorsiening in 'n minderheidsgroep met hierdie soort oriëntering sal minder gestruktureerd en nie gefundeerd wees in die een of ander vaste grondslag nie. Onderwysvoorsiening sal gesien word as relatief tot alle ander soorte onderwysvoorsiening, en daar sal 'n openheid wees om dit te verander en aan te pas na gelang van veranderinge in die omgewing en die konteks. Dit mag wees dat so 'n groep net na ruimte in die groot geheel soek om onder meer deur middel van die toepassing van 'n ietwat lukrake uitgangspunt insake onderwysvoorsiening die oorlewing en voortbestaan van die groep en van die individue waaruit dit bestaan, te verseker. Daar sal waarskynlik sterk nadruk wees op die eie (lokale) waardestelsel en op voortdurende aanpassing, sonder om die waardes van ander groepe in die groter samelewing in 'n bepaalde rigting te probeer beïnvloed. Daar sal waarskynlik ook geen strewe wees om die eie onderwys-"plan" op ander groepe en/of op die groter geheel van die samelewing af te dwing nie.

DIE POST-POSTFUNDAMENTISTIESE BENADERING TOT MINDERHEIDS-GROEPSBELANGE

Dit is duidelik dat die voorgaande twee epistemologiese oriënteringe mank gaan aan die voorkoms van sekere vorme van (miskien onbedoelde) ekstremistiese denke. Die voorstanders van die fundamentisme is geneig om imperialisties en deterministies te dink, nie slegs vir hulself nie maar ook vir ander minderheidsgroepe en selfs vir die hele samelewing. Hulle mag neig om te beheer en te beheers omdat hulle meen dat hulle die stem van rede en redelikheid beliggaam. Die postfundamentistiese benadering is die teenoorgestelde; dit is deurdrenk van indeterministiese uitgangspunte en is relativisties wat die toepassing van beginsels betref. Dit is ook inkonsekwent in die opsig dat dit geen universele en essensialistiese uitsprake wil maak nie, behalwe die universele uitspraak dat alle beginsels relatief is. Omdat nie een van die voorgaande twee opsies kan voldoen aan die eise van 'n diverse samelewing met 'n minderheidsgemeenskap, wat enersyds die eie kenmerke wil handhaaf in 'n groter samelewingsopset en andersyds 'n belangrike en gewaardeerde deel van die groter samelewing wil wees nie, moet daar gesoek word na 'n derde

weg. So ’n derde weg het sedert die 1990’s na vore gekom in die gedaante waarna hierbo verwys is as post-postfundamentisme.[8,9]

Die kerneienskap van die post-postfundamentisme is dat dit probeer om versigtig deur te stuur tussen die uiterstes van fundamentisme en postfundamentisme. Die postfundamentisme kyk byvoorbeeld die punt mis dat ’n mens en ’n gemeenskap onder sekere omstandighede verplig is om regverdigbare en begrondbare universeel geldige uitsprake te maak (met dien verstande dat hulle byvoorbeeld deur wetenskaplikes gefalsifieer kan word) (Wilber 2000:36; vgl. ook Collins 2007:24). Die post-postfundamentisme wil egter nie sover gaan as die fundamentisme deur ’n bepaalde grondslag as absoluut en universeel geldig te beskou nie. Hoewel dit nie wil terugkeer na die gedagte van die “groot verhaal” van die fundamentisme nie, wil dit tog op gekwalifiseerde wyse terugkeer na ’n vaster grondslag (beginsel, norm- of waardestruktuur, lewensopvatting), wat ook algaande kan verander.[10] Omdat sodanige grondslag nie so sterk op die voorgrond staan as by die fundamentisme nie, speel dit ’n rol in die agtergrond van denkers se denkpatrone, in hierdie geval, oor minderheidsgroepsake (Olthuis 2012:4-5).

In die plek van die oorskatting van die menslike rede deur die fundamentisme en die onderskatting daarvan deur die postfundamentisme beskou die post-postfundamentisme die rede op ’n meer ewewigtige manier. Dit is waar die gedagte van transversale redelikheid inkom (vgl. Muller (2011:2) op voetspoor van Schrag (1992) en Van Huyssteen (2006)). Die mens besit ’n rasionele vermoë wat die plaaslike konteks van ’n individu en ’n samelewings- of minderheidsgroep kan oorskry. Volgens Erickson (2001:264) kan hierdie epistemologiese standpunt ook bekend staan as kritiese realisme aangesien dit van die veronderstelling uitgaan dat die mens oor geen absolute manier beskik om vas te stel of voorwerpe buite die mens self wel werklik bestaan nie of om honderd persent seker te wees dat sy of haar opvattinge oor daardie eksterne objekte werklik

---

8 Hierdie kort verduideliking van waar post-postfundamentisme geposisioneer word is noodsaaklik, aangesien daar ’n mate van terminologiese verwarring hieroor in die literatuur bestaan. Dit is nie vir die doel van hierdie artikel noodsaaklik om die terminologiese verwarring te bespreek en uit te klaar nie.

9 Die post-postfundamentistiese benadering kom in allerlei gestaltes en onder verskeie benaminge na vore. Muller (2011:2) beskou byvoorbeeld “transversale rasionaliteit” as ’n kernkonsep daarvan. Boeve (2000: 251-2) se benaming daarvoor (in die huidige konteks) sal iets soos “samelewingspluraliteit” wees. Van Huyssteen (2006b:148) verbind weer die begrip “wye reflektiewe ewewig” aan hierdie benadering (dit verwys, soos aangedui sal word, na die optimale dog brose kommunale begrip wat ’n persoon mag opbou.) Erickson (1001:190) verwys daarna as “a form of presuppositionalism,” Olthuis (2012) as “post-postmodernisme”, en Hiestand (2005) as “soft foundationalism”. Volgens laasgenoemde kan “coherentism” en “reliablism” onder bepaalde omstandighede ook hieronder ingesluit word.

10 Die vraag mag ontstaan hoe ’n kenteoretiese houding of ingesteldheid daarop aanspraak kan maak om tegelyk relatief “vas” en “stabiel” te wees en ook “algaande te verander” of selfs “behoort te verander”. Die antwoord hierop lê opgesluit in die wese van die verskynsel wat ons ken as die mens se lewens- en wêreldbeskouing of werklikheidsopvatting. Hoewel dit relatief vas en seker mag wees vir die persoon wat ’n betrokke lewens- en wêreldbeskouing of kenhouding huldig, of anders gestel, hoewel dit ’n bepaalde geloofwaardigheidskarakter mag besit vir hom of haar (Bosch 1991:360), is dit in die wese van lewensbeskouings en dus kenhoudings om stadig maar seker te verander. Soos Peck (2006:33) stel, geen mens word met ’n voltooide lewens- en wêreldbeskouing gebore nie, en dit verg moeite om een te ontwikkel. Verder, meen hy, “...if our maps are to be accurate we have to continually revise them. The world is constantly changing. (…) the vantage point from which we view the world is (also) constantly and quite rapidly changing. (…) We are daily bombarded with new information as to the nature of reality. If we are to incorporate this information, we must continually revise our maps, and sometimes when enough new information has accumulated, we must make major revisions [to our map].” In die lig hiervan kan aanvaar word dat selfs ’n relatiewe “vaste” kenteoretiese houding soos die fundamentisme onvermydelik mag verander onder die druk van omstandighede.

met die objekte ooreenstem (korrespondeer) nie. Om vir hierdie gebrek te vergoed, het die mens die vermoë ontwikkel om sy of haar begrip van eksterne objekte met ander mense te toets deur middel van kommunikasie. Erickson is van oordeel dat ons selfs moet praat van perspektiwiese kritiese realisme, wat beteken dat hoewel mense die werklikheid vanuit verskillende perspektiewe benader en bekyk daar wel ’n gemeenskaplike werklikheid is waarmee mense in verhouding staan of waaroor hulle met mekaar praat. Mense kan dus afleidings en stellings van universeel geldige aard maak en hulle mag geldig bly tot hulle vals bewys word. Die denker oor minderheidsgroepaangeleenthede hoef dus nie aan relativisme uitgelewer te word nie (Schults 1999:2). Die post-postfundamentisme verwerp dus aan die een kant ’n fundamentistiese Rasionalisme (hoofletter R) en aan die ander kant ook alle vorme van dekonstruktiewe postmodernisme, relativisme en kontekstualisme wat in reaksie teen die Rasionalisme ontstaan het.

Teenoor die objektivisme van die fundamentisme en die uiterste relativisme van die meeste vorme van postfundamentisme, stel die post-postfundamentisme die volgende siening van die menslike redelike vermoë: menslike redelikheid (rasionaliteit) stel ons in staat om kontekstualiteit te verstaan, ook die vormende rol van tradisie en vertolkte ervaring, om uit te reik na andere buite die eie beperkte gemeenskappe en kulture, om inter-subjektief, kruis-kontekstueel en kruis-dissiplinêr by gesprekke betrokke te raak (Van Huyssteen 2004:10-11). Op grond van hierdie gesonde verstand- of transversale rasionaliteitsbenadering is die denker oor minderheidsaangeleenthede in staat om te luister na die verhale van werklike mense in werklike lewensituasies. Dit beskryf nie net hulle ervaringe in algemene of universele terme nie, maar in werklike en spesifieke situasies. Volgens hierdie opvatting van redelikheid het ons met werklike mense te doen, nie met abstrakte gedagtes en opvattinge nie. Die denker self is ’n rasionele wese, lokaal, sosiaal en kontekstueel ingebed (Van Huyssteen 2004:10), ook met inagneming van tradisie en verlede. Die denker is ten volle bewus van eie bewussyn, en dit word gekoppel met ’n ervaring van self-teenwoordigheid waarin diverse ervaringe uit die verlede transversaal met mekaar gekoppel word soos die denker uitreik na andere. Anders as by die postfundamentisme is daar nou ’n verskuiwing vanaf (of ’n balansering van) die individuele na (en) die sosiale, die groter geheel, en van die subjektiewe na (en) diskoers met andere. Ervaring is dus altyd gesitueerd en word altyd vertolk (Muller 2011:3).

Die post-postfundamentisme stel voorts dat die postfundamentisme waarskynlik ook fouteer deur die outentieke vryheid vir individue en gemeenskappe (slegs) te soek in ’n soort vryheid-van-enige-beperking. Daar word erken dat ’n individu en ’n gemeenskap se vryheid eerder lê in ’n vryheid-in-en-vir-betrokke-wees met die vraagstukke waarmee die individu of die gemeenskap te doen kry (Wright 2010:131).

Ook hierdie oriëntering het bepaalde implikasies vir die denke oor minderheidsgroepe en hulle belange. In die eerste plek gaan dit oor werklike persone in werklike situasies; die vraagstuk is nie bloot teoreties nie, maar gelokaliseerd en beliggaamd. In die tweede plek is dit nie ’n soort meerderwaardige van bo-af tipe benadering tot die probleme van minderheidsgroepe nie, maar wel ’n benadering gekenmerk deur aktiewe betrokkenheid by gemeenskappe. In die derde plek is dit holisties in die sin dat dit ten volle toegewy is aan ’n werklike kontekstuele situasie en ook gebonde is aan ondersoek aangaande die betrokke vertolkingstradisies. In die vierde plek is dit, soos Muller (2011:3) tereg aandui, ’n sosiaal-konstruktivistiese benadering aangesien die ondersoeker/denker oor die plek van minderheidsgroepe deel vorm van die ontwikkeling van ’n werklikheid wat nagestreef word en wat vir hom of haar sin maak. In die vyfde plek, volgens die gedagte van “wye reflektiewe ewewig” (Van Huyssteen 2006:148; Muller 2011:3), is die denker in staat om kommunale begrip op te doen deurdat hy of sy transversaal met ander gemeenskappe kan kommunikeer, en van konteks tot konteks kan beweeg. In die sesde plek: in die denke oor

minderheidsake word gebruik gemaak van voor-teoretiese redelikheid of 'n "gesonde verstand-rasionaliteit". Dit help die denker/mens om doelgerig te ondersoek en op te tree. Die denker oor minderheidsaangeleenthede beskik verder oor redelike vermoëns soos om intelligent en verstandig op te tree, te onderskei, verantwoordelike oordele te vel en na te dink (Van Huyssteen 2004:46). Die mens benader dus altyd die werklikheid vanuit die een of ander vertolkingsraamwerk (Van Huyssteen 2012:118). In die sewende en laaste plek laat dit die denker oor minderheidsaangeleenthede toe om sy of haar eie gemeenskap se eie unieke identiteit te erken maar dit tog ook te situeer binne 'n groter pluralistiese gemeenskap. Dit bied geleentheid vir herbesinning oor die identiteit van die eie gemeenskap, en ook tot dialoog of debat/diskoers met die ander gemeenskappe en die oorkoepelende pluraliteit self. Die verskille met die oorkoepelende samelewing en met die ander gemeenskappe daarbinne word dus nie meer gesien as 'n bedreiging nie maar wel geleenthede tot "engagering", debat, kommunikasie, dialoog en konfrontasie (Boeve 2000:255-257).

Ook in hierdie geval is die opvoedings- en onderwysimplikasies van die oriëntering taamlik duidelik. Die nadruk lê hier op werklike mense in werklike situasies, op werklike minderheidsgemeenskappe in 'n werklike (plurale) omgewing. Sowel die lokale (eie belang) as universele (nasionale) belange en ideale word in ag geneem by die opstel van 'n eie opvoedings- en onderwysplan. Die onderwysplan maak voorsiening vir die betrokke gemeenskap se verbondenheid aan eie strewes en ideale maar ook vir dié van ander minderheidsgemeenskappe en ook vir die komplekse vervlegting van die nasionale geheel. Dit getuig van 'n strewe om deel te wees van die groter geheel, waarvan die bestaan as legitiem erken word. Die plan word gekenmerk deur aanmoediging van die kinders om in gesprek, dialoog en selfs in konfrontasie te tree met ander gemeenskappe en met die nasionale geheel. Die onderwysplan getuig van doelgerigtheid, maar met die oog op die verwesenliking van eie (lokale) doelstellinge en tegelyk ook dié van die groter gemeenskap waarvan die betrokke minderheidsgroep 'n deel vorm. Die unieke identiteit van die eie gemeenskap word erken, en tegelyk word erken dat daardie identiteit deels gedefinieer word deur die deelwees aan die groter gemeenskap. Verskille met ander gemeenskappe en met die groter geheel is vir hierdie minderheidsgroep nie 'n bedreiging nie, maar telkens 'n geleentheid tot interaksie en dialoog.

'n Post-postfundamentistiese vertrekpunt lê skynbaar ten grondslag van 'n relatief onlangse aanbeveling insake onderwysvoorsieining aan minderheidsgroepe waarin aanbeveel is dat minderheidsgroepe self die verantwoordelikheid moet neem vir die implementering van hulle onderwysregte, en dat hulle die regte moet implementeer tot voordeel van al die meerderheidsgroepe in die betrokke land of gemeenskap (Steyn 1997:62). Die implementering daarvan moet só geskied dat die samelewing as geheel sterker uit die proses sal kan kom. Iets van hierdie post-postfundamentistiese oriëntering blyk dalk ook uit die wyse waarop Australië sy kurrikula vir diversiteit ontwikkel het met erkenning van die onderwysbelange van die meerderheid sowel as die minderhede (O'Neill 2010:45), en ook uit die wyse waarop Rusland ten opsigte van diverse etniese groepe daarop ingestel is om sowel die belange van die staat, die plurale gemeenskap as dié van etniese minderhede te handhaaf (Savinov & Kovaleva 2010:158).

GEVOLGTREKKING

Denkers (strategiese beplanners, mense besorg oor die lotgevalle van minderheidsgroepe in plurale samelewings) staan breedweg gesproke voor drie moontlike benaderings as hulle nadink oor en beplan aan die toekoms van 'n bepaalde minderheidsgroep. In die lig van die uiteensetting en evaluering hierbo wil dit voorkom of die eerste twee (fundamentisme en postfundamentisme) soveel ingeboude tekortkominge het dat slegs die derde ernstig oorweeg behoort te word. Die

derde is verkieslik omdat dit enersyds epistemologies ewewigtiger is as die ander twee, en andersyds die tekortkominge van die ander twee die hoof bied en tog ook goeie gebruik maak van hulle sterkpunte. Daar ís dus inderdaad 'n ander manier vir 'n minderheidsgroep om vir homself 'n toekoms in 'n groter samelewingskonteks te beplan en uit te werk.

BIBLIOGRAFIE

Boeve, L. 2000. 'Katholieke' universiteit: vier denkpistes. *Ethische Perspectieven, 10:* 250-256.

Bosch, D. J. 1991. *Transforming mission.* New York: Orbis.

Collins, F. 2007. *The language of God. A scientist presents evidence for belief.* London: Pocket Books.

Colson, C. & Pearson, N. 2001. *The Christian in Today's Culture.* Wheaton, Ill.: Tyndale House Publishers.

Donnely, J. 1993. Third generation rights. In C. L. Brölman, *Peoples and minorities in international law.* Dordrecht: Marthinus Nijhoff.

DP, NP and IFP v Gauteng Provincial Legislature. CCT 39/95 (Constitutional Court 1996).

Erickson, M. J. 2001. *Truth or Consequences: The Promise of Perils of Postmodernism.* Downer's Grove: InterVarsity Press.

General Secretary. 2008. *Position Paper: Unrepresented Nations and Peoples in Post-Kyoto Climate Change Talks.* The Hague: Unrepresented Nations and Peoples Organization.

Hiestand, G. 2005. *Towards a Post-foundationalism and epistemic certainty.*Opgeroep Julie 11, 2013, van Iustificare: http://iustificare.blogspot.com/2005/04/toward-post-foundationalism-and.html

Laforest, G. 1993. Introduction. In C. Taylor, *Reconciling the solitudes.* Montreal: McGill-Queens University Press.

Lee, H.-M. 2007. *Postmodern Epistemology and Schooling.* Potchefstroom: North-West University.

Lerner, N. 1993. The evolution of minority rights in international law. In C. L. Brölman, *Peoples and minorities in international law.* Dordrecht: Marthinus Nijhoff.

Makrides, V. N. 2013. Orthodox Christianity, Modernity and Postmodernity: Overview, Analysis and Assessment. *Religion, State and Society 40* (3-4):248-285.

McGuigan, J. 1999. *Modernity and the Postmodern Culture.* Buckingham, Phil.: Open University Press.

Middleton, R. J. & Walsh, B. J. 1995. *Truth is Stranger than it used to be.* Downer's Grove: Intervarsity Press.

Muller, J. C. 2011. Postfoundational practical theology for a time of transition. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies, 67* (1), Art #836.

Olthuis, J. H. 2012. A vision of and for love: Towards a Christian post-postmodern worldview. *Koers - Bulletin for Christian Scholarship, 77* (1):1-7.

O'Neill, M. 2010. Forty years on: Education for a culturally diverse Australia? In C. C. Wolhuter, *Education and ethnicity.* Potchefstroom: Platinum Press.

Peck, M. S. 2006. *The road less travelled.* London: Arrow Books.

Rorty, R. 1991. *Objectivity, relativism and truth. Philosophical Papers.* (Vol. I). Cambridge: Cambridge University Press.

Rorty, R. 2004. Philosophical Convictions. *The Nation*, pp. 53-55.

Rorty, R. 1999. *Philosophy and Social Hope.* London: Penguin Books.

Rorty, R. 1979. *Philosophy and the Mirror of Nature.* Princeton: Princeton University Press.

RSA. *vide South Africa, Republic of.*

Sadler-Smith, E. & Smith, P. J. 2004. Strategies for accommodating individuals' styles and preferences in flexible learning programmes. *British Journal of Educational Technology, 35* (4):395-412.

Savinov, L. V. & Kovaleva, M. I. 2010. Poly-ethnicity as system of education as a model for ethnic policy in Russia with special reference to the Russian Federal District. In C. C. Wolhuter, *Education and Ethnicity.* Potchefstroom: Platinum Press.

Schrag, C. O. 1992. *The resources of rationality: A response to the postmodern challenge.* Bloomington, Indiana: Indiana University Press.

Schults, F. L. 1999. The veritable ideal of systematicity: a post-foundationalist construal of the task of Christian Theology. *Paper presented to the Systematic Theology Group of the AAR.* Boston, MA.

Sims, R. 2003. Promises of interactivity: aligning learner perceptions and expectations with strategies for flexible and online learning. *Distance Education, 24* (1): 87-103.

South Africa. 1996 (Act 94 of 1996). Constitution of the Republic of South Africa. Pretoria: Government Printer.

South Africa. 2003. *Policy on Religion and Education*. Pretoria: Government Printer.

Sporton, D. & Thomas, D. S. G . 2002. *Sustainable livelihoods in Kalahari environments: a contribution to global debates.* New York: Oxford University Press.

Steyn, H. J. 1997. *Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika.* Potchefstroom: Potchefstroom University.

Taylor, C. 1993. *Reconciling the solitudes.* Montreal: McGill-Queens University Press.

Van Huyssteen, J. W. 2004. *Alone in the world? Human Uniqueness in Science and Technology.* Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.

Van Huyssteen, J. W. 2006. When our bodies do the thinking: Theology and science converge. *American Journal of Theology & Philosophy, 27* (2):127-153.

Van Huyssteen, J. W. 2007. Response to critics. *American Journal of Theology and Philosophy, 28* (3):409-432.

Van Huyssteen, J W. 2012. *In gesprek met Fritz Gaum.* (G. Claassen, & F. Gaum, Red.) Cape Town: Tafelberg, pp.113-132.

Wilber, K. 2000. *Sex, Ecology, Spirituality. The spirit of evolution.* (2nd ed. Revised. ed.). Boston & London: Shambalala.

Wolhuter, C. C. 2013. Integratiewe religieuse onderwys in Suid-Afrikaanse skole: Moontlikhede en beperkinge. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap / Journal for Christian Scholarship, 49* (3):203-226.

Wright, A. 2010. Dancing in the Fire: A deconstruction of Clive Erricker's Postmodern Spiritual Pedagogy. *Religious Education: The Official Journal of the Religious Education Association, 96* (1):120-135.